# HOOFSTUK V.

## DIE DUITSE STELSEL IN PRIVAATSKOLE.

### A. SKOOLKOMITEE : VERKIESING EN WERKSAAMHEDE.

Die doel van die Schulvereine is die instandhouding en ontwikkeling van die privaatskole en die betrokke koshuise en daardeur die bevordering van die Duitse taal en kultuur.[1] Hierdie klousule in die konstitusie is basies en veelomvattend. Dit trek in 'n neutedop die sin van die stryd oor die jare saam en verbind die vereniging in die toekoms tot die nastrewing van die neergelegde ideaal.

Gedurende die meer as vyftig jaar van bestaan kon die Duitse skole slegs die mas opkom deurdat welkome skenkings hulle in staat gestel het om hulle geldelike verpligtings na te kom. Wetlik het die Höhere Privatschule Windhoek voor die Tweede Wêreldoorlog aan 'n maatskappy behoort, Germania Bpk., wat in 1924 gestig is. Dit het begin met R1,000 kapitaal wat by wyse van R2 aandele deur die publiek byeen gebring is. Die grootste gedeelte van hierdie bedrag is deur die Duitsers in Suidwes-Afrika belê. Die politieke bedrywighede van die Duitssprekendes in Suidwes-Afrika en die invloed van Duitsland af, het tot gevolg gehad dat die grootste gedeelte van die aandele mettertyd formeel die eiendom van die Duitse Konsul geword het. Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog is die maatskappy as 'n onderneming van die Duitse Ryk beskou en as sodanig onder beheer van die Gevolmagtigde vir Vyandseiendom geplaas. Na afloop

---

(1) Konstitusie van die Deutscher Schulverein Windhoek (1949), 9 April 1962, art. 2.

van die oorlog is daar beplan om die Germania Bpk., te onteien. Toe sake werklik kritiek begin word het, het Fräulein Hermann, die destydse hoof van die skool haar tot die Deutsch-Afrikanischen-Hilfs-Ausschuss (DAHA) in Pretoria om hulp en bystand gewend, in 'n posing om die onteieningsplanne te verydel. 'n Verteenwoordiger van die DAHA het daarin geslaag om 'n onderhoud met die Minister van Finansies, dr. T.E. Dönges, te verkry. Hy kon gelukkig oortuig word dat die vermoë van die Germania Bpk., ten spyte van die formele oordrag aan die Duitse Konsul werklik die eiendom van die Duitse gemeenskap in Suidwes-Afrika is. Daarop was die Nasionale Party bereid om die Germania Bpk., te likwideer en die fondse aan die Deutsche Schulverein (1949) oor te dra. Hierdie vereniging het sedert Oktober 1949 die beskermheer van die Duitse Privaatskool se gelde en ideale gebly.(1)

Ten einde dié groot taak te verwesenlik is getrag om 'n sterk vereniging uit te bou, aangesien 'n komitee met 'n paar lede onmoontlik daartoe in staat is. Die doel, organisasie en werksaamhede van die Schulverein is volgens 'n goedgekeurde konstitusie bepaal. Lidmaatskap is beperk tot persone wat 18 jaar en ouer is, 50c per maand ledegeld betaal, die konstitisie onderskryf en skriftelik om lidmaatskap aansoek gedoen het, gesekondeer deur twee lede van die vereniging. Onderwysers sowel as lede van die koshuispersoneel mag ook lidmaatskap verwerf, dog hulle mag

---

(1) Die Deutsche Höhere Privatschule Windhoek, Heft 7, September 1965, P.20.

nie in die bestuur dien nie.[1] Die skoolhoof het egter in adviserende hoedanigheid sitting op vergaderings van die bestuur.[2] Maatskappye, firmas en verenigings mag ook lede van die Schulverein word en is geregtig om jaarliks 'n verteenwoordiger elk na die ledevergaderings af te vaardig.[3] Die bestuur van die Schulverein keur aansoeke om lidmaatskap. Goedkeuring tot opname vereis 'n twee-derde meerderheid by stemming. Indien iemand afgekeur word, geskied dit sonder verstrekking van redes.[4]

Die bestuur bestaan uit hoogstens vyftien en minstens sewe lede [5] wie se dienstyd oor twee jaar strek.[6] Kennisgewings in sake 'n jaarvergadering moet die sakelys bevat en die name van uittredende lede verstrek. Nominasie vir nuwe lede word ontvang tot vyf dae voor die datum bepaal vir die vergadering.[7]

Die pligte van die bestuur van die Schulverein sluit onder meer die volgende in:-

(i) Voorstelle te oorweeg vir die ontwikkeling van die karakter en opbou van die skool met dien verstande dat sulke planne nie teen die beleid van die Departement van Onderwys indruis nie.[8]

---

(1) **Konstitusie** van die Deutsche Schulverein Windhoek (1949), 9 April 1962, art.3.
(2) Ibid., art.25.
(3) Ibid.
(4) Ibid., art. 5.
(5) Ibid., art.20.
(6) Ibid., art.21.
(7) Ibid., art.23.
(8) Ibid., art.30(b).

(ii) Skool- en koshuisgelde vas te stel en oor aansoeke om afslag te beslis.[1]

(iii) Die goeie betrekking tussen die Vereniging, die landsregering en die verteenwoordiger van die Bondsrepubliek te bevorder.[2]

Ten einde die werksaamhede te vergemaklik en doeltreffender te reël, is die pligte van die bestuur aan verskillende subkomitees gedelegeer, wat verantwoordelikheid aanvaar en verslag doen oor byvoorbeeld finansies, koshuise, bouaangeleenthede, kulturele bedrywighede, personeel, reklame en feestelikhede.[3]

Die aanstelling, werksaamhede en pligte van die Schulverein verskil wesentlik van dié van Skoolkomitees in Staatskole. Daar is drie, vyf of sewe lede op 'n Skoolkomitee in 'n Staatskool, al na die besluit van die Direkteur van Onderwys.[4] Die dienstermyn van Skoolkomiteelede strek oor drie jaar,[5] en hulle word gekies deur stemgeregtigde ouers, dit wil sê alle vaders en moeders (of voogde) wie se name in die toelatingsregister van 'n skool verskyn en wat een of meer kinders ten tye van die verkiesing in die skool het.[6]

---

(1) Ibid., art.30(f).

(2) Ibid., art.30(i).

(3) Die Deutsche Höhere Privatschule Windhoek, Heft 5, September, p.7 en 8.

(4) Onderwysordonnansie, No.27 van 1962, art.10(b).

(5) Ibid., art.10(8)(b)

(6) Ibid., art.10(5)

Skoolkomitees van staatskole se pligte is omskrywe[1] en behels 'n baie nouer veld as dié van die Schulverein. Hulle is daar om algemene toesig oor die skool uit te oefen, vertoë van die ouers te behandel, onderworpe aan die bepalings van die Onderwysordonnansie, en die Direkteur daaromtrent te adviseer. Voorts moet hulle die Direkteur van Onderwys van raad bedien oor die welsyn van die skool en aan hom verslag doen oor enige saak wat hy na hulle mag verwys.

Hieruit kan afgelei word dat die Schulverein al die funksies van Skoolkomitees in Staatskole vervul en verder nog die verantwoordelikheid moet aanvaar wat normaalweg deur die Staat gedra word. In die proses blyk dat die voorsiening en besoldiging van personeel en die finansiëring van private inrigtings, veral wat geboue betref, baie sorge gebring het. In samewerking met ander Schulvereine van die land en steun van die Suidwes-Afrikaanse Administrasie en die Bondsrepubliek kon die probleme egter steeds oorbrug word soos later sal blyk.

## B. PERSONEEL : WERWING, AANSTELLING EN DIENSVOORWAARDES.

Waar die Departement van Onderwys in Suidwes-Afrika verantwoordelik is vir die aanstelling en verplasing van onderwysers in Staatskole,[2] is die bestuur van die Schulverein kragtens konstitusie gemagtig om die nodige dienskontrakte met die skoolhoof, sy onderwysers en lede van die koshuispersoneel te sluit.[3] Daar bestaan 'n ooreenkoms

(1) Ibid., art.14(a) - (c).

(2) Onderwysordonnansie Nr.27 van 1962, art.27.

(3) Konstitusie van die Deutscher Schulverein Windhoek (1949), 9 April 1962, art.30(c).

met die Owerheid van die Bondsrepubliek waarvolgens Duitse leerkragte oorsee gewerf kan word. Die reëlings vir so 'n uitruilskema word getref deur die „Kulturabteilung des Auswärtigen Amts" in Bonn. In Suidwes-Afrika word die belange van die Duitse Afdelings behartig deur die „Arbeitsgemeinschaft der Deutschen Schulvereine". Die drie Duitse Schulvereine wat privaatskole en koshuise beheer (Windhoek, Karibib, Lüderitz) en verder nog vyf Schulvereine (Otavi, Otjiwarongo, Omaruru, Okahandja en Grootfontein) wat op plekke waar Duitse Afdelings in Staatskole ingeskakel is aparte Duitse koshuise onderhou, is op hierdie liggaam verteenwoordig.[1]

Oorsese leerkragte kan gewoonlik van drie tot vyf jaar diens doen in Suidwes-Afrika voor hul terugkeer na Duitsland. Die dienstydperk kan egter op versoek verleng word.[2] In koshuise word spesiaal opgeleide personeel vir toesigdiens en huishoudelike pligte gebruik in teenstelling met Staatskole waar die opsigters en koshuisvaders opgeleide onderwysers is.[3] Dit het die voordeel dat onderwysers verbonde aan privaatskole baie meer vrye tyd tot hulle beskikking het.

Ook buitemuurse bedrywighede word gewoonlik deur persone waargeneem wat nie noodwendig aan die onderwys verbonde is nie. As onderwysers wel vir aktiwiteite soos sport of musiek gedurende agtermiddae verantwoordelik gemaak

---

(1) Die Deutsche Höhere Privatschule Windhoek, Heft 8, März 1966, p.60.

(2) Ibid.

(3) Brief mnr. H. Nöckler, 28 Julie 1966.

word, word diesulkes andersins tegemoet gekom deur in die oggend minder klasperiodes waar te neem.(1)

Op grond van 'n groot behoefte aan koshuispersoneel, het die privaatskole die insisiatief geneem en te Karibib in Januarie 1964 'n inrigting vir die opleiding van belangstellendes in hierdie rigting tot stand gebring.(2) Die kursus strek oor twee jaar en sluit 'n studie in van onder andere sielkunde, kinderversorging, koshuisbestuur, noodhulp, tuisverpleging, kookkuns en waskunde. Behalwe die teoretiese opleiding kry studente die geleentheid om hulle kennis prakties toe te pas in die privaatkoshuis van die Karibibse Privaatskool.(3) Die eerste drie kandidate het hulle kursus op 3 Desember 1965 voltooi en so is 'n begin gemaak met die voorsiening van opgeleide koshuispersoneel waaraan ook in Duitsland 'n groot tekort bestaan. Sulke persone was vroeër vir Suidwes-Afrika moeilik bekombaar en moes teen hoë koste gewerf word.(4)

C. SKOOLPROGRAM : LEERPLANNE, SKOOLKALENDER EN SKOOLWEEK.

Die leerplanne van die privaatskole is in breë trekke dieselfde as dié wat in staatskole gevolg word, omdat die Administrasie die vereiste stel dat die peil van die werk met drie van die staatskole moet ooreenstem.(5) Tog is die

---

(1) Ibid.

(2) Die Deutsche Höhere Privatschule Windhoek,Heft 6, März 1965, p.12.

(3) Brief mev. G. Hagen, Seminarleiterin, Karibib, 18 Augustus 1966.

(4) Die Deutsche Höhere Privatschule Windhoek, Heft 8, März 1966, p.12.

(5) Onderwysordonnansie Nr.27 van 1962, art.114 (3).

wyse van werksaamhede verskillend. In die private laerskole word nooit enige formele eksamens afgeneem nie. Die kinders word bevorder op grond van diagnostiese toetse oor die afgehandelde werk gedurende die loop van die jaar.(1) Die promovering kan egter nie willekeurig geskied nie, want ook die privaatskole is onderhewig aan die eksterne eksamens wat in St.8 deur die Departement van Onderwys gereël word. Kandidate wat uiteindelik voor hierdie toets te staan kom, moet dus noodwendig voorberei word vir die standaard van werk wat hier vereis word. Nadat Duits as voertaal in 1946 verban is, kon kandidate van privaatskole vir St.8 vir die eerste keer in Desember 1961 weer alle vakke van die Junior Sertifikaateksamen in Duits aflê, uitgesonderd natuurlik die twee amptelike tale.(2)

Die vergunning ten opsigte van Duits as voertaal het 'n probleem geskep in sover dit geskikte handboeke betref. Ten einde die voorgeskrewe leerplanne te dek, moes die Afrikaanse en Engelse handboeke vertaal word vir gebruik deur Duitssprekende skoliere. Die vertaalwerk is onderneem deur die „Arbeitsgemeinschaft der Deutschen Schulvereine in Suidwes-Afrika"(3) en die koste daaraan verbonde is deur die Administrasie gedra. Dit was afgesien van die 25% subsidie wat deur die Staat bewillig is ten einde te verseker dat die geskikte leerstof sover moontlik by die Afrikaanse en/of Engelse teks aangepas is.(4)

---

(1) Brief mnr. H. Nöckler, 28 Julie 1966.

(2) Die Deutsche Höhere Privatschule Windhoek, Nr.15, Jahresbericht, p.21.

(3) Ibid.

(4) Die Höhere Privatschule Windhoek, Spesiale Bylae. Toespraak van Sy Edele die Administrateur, mnr. W.C. du Plessis, 24 Maart 1964, p.4.

Tot 1959 is wat St.10 betref, voorberei vir die eksamens wat deur die Matrikulasieraad opgestel is. Daarna is oorgeskakel na die Kaapse Senior Sertifikaateksamens soos tewens ook in die Departementele skole die geval is.(1)

Die skoolkalender word deur die hoof in samewerking met die Schulverein opgestel en is onderhewig aan die goedkeuring van die Direkteur van Onderwys.(2) Dit verskil van die rooster van staatskole, aangesien die privaatskole te Windhoek, Lüderitz en Karibib verkies om ook op Saterdae skool te hou. Nadat ouers se mening omtrent die saak getoets is, is vasgestel dat die meerderheid ten gunste daarvan was. Daar is aangevoer dat die somerdae in Suidwes-Afrika na 12.30 in die middag besonder drukkend is en dat kinders dan loom en baie onproduktief reageer. In staatskole word die ongeveer vyfuurlange skooldag gevolg deur studietye met buitemuurse bedrywighede, ingepas waar moontlik. Dit veroorsaak 'n baie vol program. Hoewel Saterdag vir die skoliere van die Höhere Privatschule dus nie 'n vrye dag is nie, lê die voordeel in 'n korter skooldag oor die hele week en 'n langer vakansie as dié wat volgens die Departement van Onderwys bepaal word.(3)

D. <u>FINANSIëRING VAN PRIVAATINRIGTINGS</u>.

(a) <u>KOSHUISE.</u> Een van die knaendste probleme waarmee die privaatskole nog steeds te kampe het, is die gebrek aan voldoende fondse. Omdat die Schulverein vir die instand-

---

(1) Ibid., 15. Jahresbericht. p.20. Dit dien hier gemeld te word dat van Desember 1968 die Höhere Privatschule Windhoek weer na die eksamens van die Matrikulasieraad sal oorskakel.

(2) Ibid., 15. Jahresbericht, p.20.

(3) Der Sonnenspiegel, September 1965, p.2.

houding van die skole en koshuise verantwoordelik is, moet hulle weë bedink en middele verkry om dit moontlik te maak. Hulle hef dus koshuis- en skoolgelde en het dit oor die jare nodig geag om telkemale 'n verhoging in die tariewe aan te kondig ten einde die stygende koste te probeer delg. Vanaf 1 Oktober 1965 sou die gelde vir koshuistoelating byvoorbeeld soos volg wees:-(1)

| | | |
|---|---|---|
| 1ste kind | : | R20 per maand |
| 2de kind | : | R18 per maand |
| 3de kind | : | R16 per maand |
| 4de kind | : | R14 per maand |
| 5de kind | : | R12 per maand |

Elke verdere kind : R10 per maand.

(b) SKOOLGELDE: Skoolgelde is van 1 Julie 1965 af soos volg bepaal:-(2)

| | | |
|---|---|---|
| 'n Leerling in Sub A en B | : | R2.75 per maand |
| 'n Leerling in St.1 en 2 | : | R3.00 per maand |
| 'n Leerling in St.3 en 4 | : | R3.50 per maand |
| 'n Leerling in St.5 en 6 | : | R4.25 per maand |
| 'n Leerling in St.7 en 8 | : | R5.75 per maand |
| 'n Leerling in St.9 - 11 | : | R7.00 per maand. |

Geen afslag is ten opsigte van 'n tweede of derde kind uit dieselfde gesin toegestaan nie.

(c) STAATSUBSIDIE.

Volgens beleid subsidieer die Staat alle privaatskole waar die gevraagde fasiliteite vir onderwys nie deur die

---

(1) Die Deutsche Höhere Privatschule Windhoek, Heft 8, März 1966, p.4.

(2) Ibid.

owerheid voorsien kan word nie. Waar onderwysgeleenthede wel deur die Administrasie voorsien word, word aan bestaande privaatskole 'n beperkte subsidie toegestaan. Die bedrag was aanvanklik R28 per leerling per jaar vir leerlinge in die laerskole volgens 'n bepaalde kwota. Die subsidie is later verhoog na R36.40 en uiteindelik tot R39. Aangesien die Staat nie voorsiening maak vir die onderrig van Duitssprekendes in hul moedertaal in Sts.6 tot 8 nie, is genoemde subsidie vir elke leerling in die Junior Sekondêre afdeling verdubbel en later ook ten opsigte van dié skoliere toegestaan wat reeds 16 is of dié ouderdomsgrens oorskrei het.(1)

Gedurende die finansiële jaar 1962/63 was die staatsubsidie R23,296,(2) in 1963/64 het dit R26,751(3) beloop en in 1964/65 het dit tot R29,055 gestyg.(4)

Hierdie steun was egter nie die enigste wat die Duitse Privaatskole van Staatsweë toegevloei het nie. In 1948 het die Administrasie R50,000 aan die Höhere Privatschule geleen om 'n Duitse koshuis te voltooi.(5) Daarna is dieselfde voorreg aan die Schulverein te Otjiwarongo toegestaan om 'n koshuis op te rig sodat Duitssprekende laerskoolleerlinge apart kon tuisgaan, hoewel hulle in die skool 'n onderafdeling gevorm het van die staatskool met oorwegend Afrikaanse

---

(1) Die Deutsche Höhere Privatschule Windhoek, Spesiale Bylae, Toespraak van sy Edele die Administrateur, mnr. W.C. du Plessis, 25 Maart 1964, p.4.

(2) Die Deutsche Privatschule Windhoek, Heft 3, September 1963, p.5.

(3) Ibid., Heft 4, März 1964, p.6

(4) Ibid., Heft 8, März 1966, p.7.

(5) Fünfzig Jahre Höhere Privatschule Windhoek, p.25.

kinders op die register. Hiertoe het die Direkteur van Onderwys gewaarsku, en die Onderwyskommissie gewys op die gevaar dat die privaatskole uiteindelik fasiliteite met Administrasiegeld kan skep wat beter kan wees as dié wat die Staat self in sy skole aanbied.(1) As dit sou plaasvind het hy besliste bedenkinge teen die toestaan van subsidies. Aan die anderkant moes erken word dat met staatsubsidies die strewe na eenwording belemmer word.(2)

Gedagtig hieraan is die Staat nie bereid om onbepaald voort te gaan met die subsidiëring van privaatskole nie. Tydens die kongres van die Nasionale Party in Windhoek gedurende 1966 het mnr. A.H. du Plessis, L. U. K., beklemtoon dat die party nie private skole aanmoedig nie. As ouers nie van staatskole wil gebruik maak nie, moet hulle ook bereid wees om die koste vir ander onderwysfasiliteite self te dra. In sommige gevalle is dit nog nodig om van die gewaardeerde hulp van die bestaande private skole gebruik te maak, maar na mate die Staat se Duitsmediumskole vermeerder, sal die private skole se aanspraak op Staatshulp noodwendig moet krimp.(3)

(d) ONDERSTEUNING VAN DIE BONDSREPUBLIEK.

Behalwe vir die welkome steun van die Suidwes-Afrikaanse Administrasie, was die Bondsrepubliek deur die jare verantwoordelik vir middele wat in 'n konstante stroom na die private skole gevloei het. Die volgende besonderhede gee 'n duidelike beeld van die posisie in die Höhere Privatschule Windhoek:-

---

(1) Verslag van Onderwys Kommissie 1958, art.566.
(2) Ibid., art.567.
(3) Die Suidwester, 12 November 1966.

Inkomste van 1 Januarie tot 31 Desember 1965:-[1]

| | | |
|---|---|---|
| Skoolgelde | : | R31,910 |
| Koshuisgelde | : | R42,900 |
| S.W.A. Subsidie | : | R29,055 |
| Bondsrepubliek | : | R61,960 |
| Schulvereinbydrae | : | R 3,615 |
| Basaar en Skenkings | : | R 7,962 |
| Allerlei | : | R 8,416 |
| | | R185,818 |

Hieruit volg dat die bydrae van die Bondsrepubliek byna een-derde van die totale inkomste beloop. Met reg het die Schulverein dan ook erken dat as dit nie vir hierdie steun en die Staatsubsidie was nie, die voortbestaan van die Höhere Privatschule bedreig en die ontwikkeling daarvan ingrypend aan bande gelê sal word,[2] want selfs in 1966 moes 'n lastige saldo van R14,270 van die vorige boekjaar oorgedra word.[3]

Behalwe hierdie bydrae het die Bondsrepubliek ook groot somme geld beskikbaar gestel vir die oprigting van skool- en koshuisgeboue. Gedurende die finansiële jaar 1962/63 het die Höhere Privatschule 'n bydrae van R17,754 ontvang vir die oprigting van nege klaskamers.[4] Tot Maart 1965 erken dieselfde skool 'n verdere R261,716.60 as 'n gedeeltelike bydrae uit dieselfde oord, met die doel om 'n heel

(1) Die Deutsche Höhere Privatschule Windhoek, Heft 8, März 1966, p.7.

(2) Ibid., Heft 3, 1963, p.5.

(3) Ibid., Heft 8, p.7.

(4) Ibid., Heft 3, p.5.

nuwe skoolkompleks op te rig wat uiteindelik R740,000 sou kos.[1] As gevolg van die snelle ontwikkeling van die skool en die gebrek aan klaskamerruimte moes die skool tydelik van opslaggeboue gebruik maak waarvoor die Wes-Duitse regering bereid was om R16,000 te skenk.[2] Vir die aanbou van 'n nuwe meisieskoshuis het die Auswärtige Amt 'n bedrag van R44,965 bewillig wat teen die helfte van 1967 beskikbaar sou wees.[3]

Dit was egter nie net die privaatskool te Windhoek wat die voordeel van die tasbare belangstelling van die Bondsrepubliek ervaar het nie. Lüderitz kon op 10 Desember 1965 spog met 'n nuwe koshuisblok, die sogenaamde „Karl-Friedrich-Schätzlein-Heim", wat 'n seuns- en meisieskoshuis, eetsaal en kombuis en ander geriewe ingesluit het. Hierdie uitbreidings is moontlik gemaak deur 'n bedrag van R436,000 wat deur die betrokke kanale vanuit Bonn aan die Lüderitze Schulverein toegesê is.[4]

(e) ANDER MIDDELLE.

Ten spyte van milde steun van die Suidwes-Afrikaanse Administrasie en die Bondsrepubliek het die Schulverein gedurig bekommernis gehad oor finansiële laste. Daarom moes hulle ook self uit eie bronne voorsien en het hulle dankbaar gebruik gemaak van skenkings uit goedgesinde oorde.

---

(1) Ibid., Heft 6, p.8.

(2) Ibid., Heft 8, p.8.

(3) Ibid.

(4) Ibid., p.15.

Die konstitusie van die Schulverein het voorsiening gemaak vir lidmaatskapsgelde wat in 1963[1] R3,403.85 en 1966[2] R3,615 bedra het. Gesien die geweldige uitgawes (R185,818 in 1966) was dit maar 'n druppel in die emmer. Jaarliks is daar dus ook 'n besaar georganiseer was soms 'n heel feestelike karakter aangeneem het en waarby gewoonlik van R4,000 tot R6,000 geïn is.[3]

In 1954 het die Duitse konsulaat 'n film „Dreizehn Stühle" vrygestel waarvan die winste aan die Höhere Privatschule geskenk is.[4] Hierdie prysenswaardige voorbeeld word deur die Windhoekse „Kammermusiker" gevolg as hulle 'n musikaand reël en die inkomste aan die Höhere Privatschule laat toekom.[5] Die Behaim-Bücher-Brücke skenk in 1959 ses honderd biblioteekboeke.[6] Ook die ou vriende in Duitsland, die Deutschen Corpsstudenten, wat in vroeër jare genoeg geld beskikbaar gestel het vir die oprigting van 'n „Werkschule", was bereid om verder hul ondersteuning te bied deur die verskaffing van leermiddels, prente en ander opvoedkundige uitrusting.[7] So is die private inrigtings gedra deur die Staat in Suidwes-Afrika, die Bondsregering in Duitsland en vriende in Suidwes-Afrika en oorsee om te voorkom dat wat reeds verkry is ten gronde gaan en om nuwe ideale te verwesenlik.

---

(1) Ibid., Heft 3, p.5.
(2) Ibid., Heft 8. p.7.
(3) Ibid., Heft 6, p.5. Die basaar van 1954 lewer R5,590 en die van 1965 R5,088.
(4) Ibid., 12. Jahresbericht, p.11.
(5) Ibid., p.15.
(6) Ibid., 15. Jahresbericht, p.22.
(7) Ibid., Heft 8, p.7.